

God maak ons waardevol om Hom te dien, daarom bly trots in ons diens

ds. PJ Kriel

08.01.2107

Inhoud Hierdie Psalm gaan oor die ontsteltenis van gelowiges om deur deugniete as waardeloos en niks werd te word. Die Psalm wys dat gelowiges waardevol in God se diens is omdat God hulle as sondears vir sy diens reg en regverdig maak. Hulle waarde lê nie in hulle besittings of in wat deugniete van hulle dink of sê nie. God se raadsplan is die waarheid van gelowiges se lewe, nie die magsuitsprake van deugniete wat hulle waardeloos verklaar en oneervol behandel nie. Daarom kan hulle deur die dag ontstel word deur hierdie vernederings maar elke aand onbesorg rus van hulle diens aan God omdat God hulle weer die volgende dag in sy diens sal gebruik.

Liturgie Lied 457 verse 1, 2, 3. Lied 513 verse 1, 2, 3.

Skriflesing Lees Ps. 4 uit 1983 en NAV vertaling; Eseg. 36: 24 – 30; Joh. 1: 12, 13 – 18.

Teks Ps. 4: 9: “Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want, Here, U alleen laat my veilig woon.”

Tema: God maak ons waardevol om Hom te dien, daarom bly trots in ons diens.

1. Om ontsteld te wees deur die dag maar in die nag onbesorg te kan slaap! Dit is die lewenswyse van Dawid as gelowige! Hierdie Psalm is 'n aandelied wat gesing was deur die volk van die Here voor hulle gaan slaap het.

Ontsteld deur die dag maar onbesorg deur die nag!

Hierdie lewenswyse gaan nie oor roekeloosheid en onverantwoordelikheid oor veiligheid nie. Daarom mag ons nie hierdie Psalm só lees asof ons onself nie teen die vlag van misdaad in die nag hoef te beskerm nie of nie plaaspatrollies in die nag hoef te ry nie.

Hierdie ontsteltenis deur die dag gaan nie oor dreigende onrus en veiligheid nie. Dit gaan oor die leuen wat mense met mag en aansien leef. Die woord “mense” in vers 3 in die Hebreeus verwys na mense met mag en aansien, belangrike mense. In hierdie geval kan dit onder andere verwys na die leuen wat Saul as 'n belangrike mens, die koning, oor Dawid geskep het asof Dawid 'n rebel en anargis was wat Saul se koningskap met anargie wou oorneem.

2. Daarom is die lewensnood waarin Dawid verkeer verwoord in vers 3: “Hoe lank gaan julle my eer nog skend, mense, gaan julle valsheid liefhê en voorkeur gee aan leuens?”

God maak ons waardevol om Hom te dien, daarom bly trots in ons diens

Dawid se ontsteltenis oor hierdie skending van sy eer gaan nie oor enige kleinserigheid of eersugtigheid nie. Dit gaan oor hoe hierdie mense sy lewe vals maak met hulle valsheid, hoe hulle die eer wat hom toekom oor wie hy as mens is en hoe hy as mens leef, hom ontnem.

Hierdie valsheid en leuens is nie maar net skinderstories nie.

Dit is hoe ander mense se valsheid die waarheid van wie hy is en wat hy doen skend. Hierdie valsheid word in die NAV vertaal volgens die Hebreeus as nietigheid. Dit gaan oor die verskil tussen nietigheid en waardevolheid, om niks werd te wees en niks werd te leef, maar mense wat waardevol is omdat hulle waardevol leef, as niks uit te maak.

Daarom gaan die verskil oor deugniete, mense wat posisies beklee wat nie diens kan of wil lewer nie. Dit is wat die Bybel as deugniete beskryf, mense wat nietigheid liefhet maar diens en diensbaarheid minag.

Dit is die lewensnood waarin hierdie valsheid van deugniete oor Dawid besig is om hom in die openbare lewe in 'n hoek te begin druk: mense wat niks werd is en niks werd leef maak hom uit as niks werd, terwyl hulle hul self as belangrik en magtig voorhou.

3. Wat maak Dawid en sy lewe so waardevol?

Dit is nie sy goeie opvoeding, sy geleerdheid of sy goeie selfbeeld nie. Dawid het as skaapwagter in die veld grootgeword. Dawid se eer wat geskend word, is nie sy selfbeeld of sy posisie as vooraanstaande en opgevoede mens nie.

Wat Dawid en sy lewe so waardevol maak wys in die manier waarop hy God aanroep in vers 2: "O God wat aan my reg verskaf", in die 1953 vertaling word dit vertaal as "O God van my geregtigheid", wat albei beteken God wat my reg en regverdig maak.

Dawid se waarde lê daarin dat God hom as mens reg en regverdig maak. Dit was die verbond wat God met Abraham gemaak het en waarvan Dawid deel was. Om God aan te roep as die God wat hom regverdig maak, is Dawid se beroep om wat God onderneem het om vir Dawid te wees deur God se verbond met Abraham.

God se verbondsonderneming hoe om vir Dawid God te wees en hoe God mense vir God mens laat wees, is wat Dawid as mens se waardevol maak.

4. In Esegïel 36 verse 24 tot 32 verkondig die profeet Esegïel die inhoud van hierdie verbondsonderneming van die Here. Hoe Hy God sal wees vir sy volk en hoe Hy hulle mense vir Hom sal laat wees.

God maak ons waardevol om Hom te dien, daarom bly trots in ons diens

- God neem mense soos Dawid weg uit die gemeenskap, die kultuur en lewenswyse van mense wat vir hulle beelde maak oor hoe God in hulle begeertes moet inpas en
- God maak Dawid en sy volk deel van 'n lewenswyse waar hulle by God se bedoeling met hul lewe inpas en diensbaar kan wees aan die raadsplan van God.
- God neem alle sondeskuld uit sy lewe weg sodat sy sonde nooit kan maak dat Dawid nie God kan dien en eer nie. Ten spyte van sy eie sondes bly Dawid vir God se diens behoue.
- God maak Dawid 'n mens wat God wil dien en eer en maak hom 'n mens wat nie God wil inpas by sy eie sondige drifte en begeertes nie.
- God hou Dawid deel van die wêreld soos God die wêreld bedoel, beplan en bestuur sodat Dawid in en aan hierdie wêreld vir God diensbaar kan wees.

Dit is hoe God aan mense reg verskaf, hulle regverdig maak en aan sy doel en raadsplan met die wêreld diensbaar maak en hou. Waardevol vir God in dit waarmee God self met sy eie skepping mee besig is! Wie vir God só waardevol is, is ook vir alle mense waardevol!

Want God gebruik so 'n mens om deel te wees en diensbaar te wees aan sy bedoeling en raadsplan vir alle mense. 'n Mens wat vir jou en jou lewe aan God diensbaar is vir die bedoeling en raadsplan wat God met jou het in sy skepping, God se wêreld, is altyd 'n waardevolle mens.

Daarom is Dawid se diensbaarheid aan God sy eer. Dit is sy waardevolheid.

5. Dawid weet in wie en waarin sy waarde as mens in die lewe opgesluit is – in God wat hom regverdig maak en reg laat wees!

Daardie God wat jou nie net so laat wees nie, maar jou so vir Hom behoue laat bly in hierdie wêreld, sy wêreld! Daarom kan vers een ook vertaal word soos in die 1983 vertaling: “O God wat aan my reg verskaf”, bedoelende, God wat my altyd diensbaar hou binne u verbond in hierdie wêreld!

Met die vertroue in wie God deur sy verbondsonderneming hom as mens maak en laat wees, roep Dawid die Here in gebed aan:

“Toe ek in die nood was, het U my bevry. Wees my ook nou genadig en hoor my gebed!”

Hierdie is nie die eerste keer wat Dawid deur mense in 'n hoek vas gedruk word nie. Dit is nie die eerste keer wat hy God aanroep in hierdie tipe nood waarin hy nou is nie. Hy was al baie keer in sulke situasies. Elke keer wanneer hy in so situasie was,

God maak ons waardevol om Hom te dien, daarom bly trots in ons diens

het hy God aangeroep en het God hom bevry. Daarom bid hy nou weer vrymoedig tot God.

Die tipe nood en bevryding wat hier ter sprake is woord in die NAV so verwoord: “In die noute het U vir my ruimte gemaak.”

6. Hierdie noute maak dat Dawid se vriende en ondersteuners in hulle ongeloof die volgende noodroep maak: “Wie sal dit weer met ons goed laat gaan?”

Dit is die kontras tussen Dawid se gebed tot God en sy vriende kreet van hulpeloosheid. Hulle het hulle waardeloosheid volgens mense met mag maar wat self deugniete is, aanvaar.

Hulle hulpeloosheid wys in hulle angskreet: “Wie sal dit weer met ons laat goed gaan.” Bedoelende watter mense kan dit weer met ons laat goed gaan, wanneer ons waardeloos vir die magte en invloedryke mense in die land geword het.

Die antwoord wat hulle eintlik hiermee uitskree is dat daar nie meer mense is vir wie hulle waardevol kan wees nie, want hulle is waardeloos vir al die belangrike en invloedryke mense in die land. As hulle vir die belangrike en invloedryke mense waardeloos is, hoe kan armes en onbelangrikes hulle ooit weer hulle waarde as mense teruggee!

Dawid glo nie die waardeloosheid wat belangrike mense aan hom toedig met hulle nietigheid en valsheid nie. Hy roep Hom aan wie hy weet hom regverdig en reg, diens en waardevol maak – God!

7. Daarom maak Dawid die volgende getuienis oor God “U het my reeds groter vreugde laat belewe as wat daar is by mense wat koring en wyn in oorvloed het.”

Ons mag nie hierdie getuienis verstaan volgens die verheerliking en idealisering van armoede soos baie geestelikes dit vandag doen, net om deel van die mag van die land te word nie. Hierdie getuienis gaan nie oor die verskil tussen rykdom en armoede nie. Enkele jare na hierdie getuienis was Dawid self die koning wat oorvloed van wyn en koring gehad het.

Dit gaan oor wat jou ’n waardevolle mens maak: God wat jou vir sy diens regverdig maak of materiële welvaart. Is dit jou oorvloed van besittings wat jou ’n waardevolle mens maak of jou diensbaarheid aan God wat jou altyd vir sy diens regverdig maak?

Dit is Dawid se vriende se uitsigloosheid. Omdat hulle deur invloedryke mense as waardelose mense verklaar is, het hulle nie meer gedeel in die aanstellings, die vergunnings, die kontrakte en geleenthede wat hierdie mense uitdeel en moontlik maak nie.

God maak ons waardevol om Hom te dien, daarom bly trots in ons diens

Hulle het in die noute geleef dat omdat hierdie belangrike mense ons waardeloos verklaar het, gaan ons verarm en dan gaan ons regtig waardelose mense wees – daarom die hulpelose kreet: wie sal dit met ons weer laat goed gaan?”

Hierteenoor getuig Dawid dat dit sy vreugde is om diensbaar aan God te leef, omdat God hom waardevol vir die diens aan God in God se raadsplan met die wêreld maak, nie magtige mense nie. Dit was elke keer nog hierdie diensbaarheid aan God wat gemaak het dat God uitkomste en geleenthede skep vir Dawid.

Daarin is Dawid se vreugde, in God en sy roeping en diens aan God, sy waarde word nie deur welvaart bepaal nie. Dit is nie die gevolge van diensbaarheid wat jou waardevol maak nie, dit is God wie jou diensbaar maak in wie jy jou waarde as mens vind.

8. In hierdie geloof waarmee Dawid die Here aanroep gee hy aan homself en sy vriende twee vermanings:

Die eerste is: As jy ontsteld raak, moenie sondig nie; dink in stilte daaroor na as jy gaan lê, en laat dit daarby!”

en die tweede is: “Julle moet die offers bring wat aan julle voorgeskryf is en julle moet die Here vertrou.”

Die eerste gaan oor die lewenswyse om ontsteld te wees, maar rustig te slaap! Hierdie ontsteltenis beteken dat jy nie glo in die waardeloosheid wat deugniete aan jou toedig of jy mee behandel nie. Omdat jy nie hulle toedigsels oor jou waardeloosheid glo nie, hoef jy nie hulle leuen te ontmasker of te breek nie. Jy hoef nie geweld te gebruik om hierdie leun oor jou waardeloosheid te probeer reg stel nie.

Hoekom nie?

Want as jy in stilte dink oor wie jou waardevol maak, God wat jou vir sy diens en roeping regverdig maak, of die erkenning en waardering van deugniete, wie gaan dit wees? Deugniete kan jou nie met hulle valse beeld oor wie en wat jy is, jou waarde as mens vir God in hierdie wêreld, verander nie. Daarom hoef jy nie hulle leuenagtigheid te beveg nie.

Wat jy wel moet doen is om soos Dawid sê te doen. “Julle moet die offers bring wat aan julle voorgeskryf is en julle moet die Here vertrou.” Dit beteken om jou lewe as lewende offer in diens van God te bly gee in die vertroue dat God jou lewe en die uitkoms van jou lewe totaal iets anders sal laat wees as wat hierdie deugniet glo jy is en hy jou sal laat wees,

God maak ons waardevol om Hom te dien, daarom bly trots in ons diens

9. Daarom is die diepste krisis wat ons in hierdie ontsteltenis met deugniete ervaar die vraag oor wat is die waarheid en wat is 'n leuen.

Is ek die mens wie en is my toekoms as mens wat deugniete van my dink en hoe hulle my behandel? Bepaal deugniete wie ek is en wat my waarde as mens is?

Of is die God wat my regverdig vir sy diens gemaak het, wat gaan bepaal wie ek vir hom in hierdie wêreld is en wat ek vir Hom as Here in hierdie wêreld gaan beteken? mens

U elkeen weet dat die Here ons vir Homself reg gemaak en geregverdig het! Dit het ons weer vanoggend gehoor in die woorde van die apostel Johannes: "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word, ... God is hulle Vader."

Deur ons geloof in Jesus Christus het ons die reg om kinders van God die Vader te wees en ons is dit ook. Regte kinders van God die Vader wat vir God reg en regverdig is!

Dit is hoe die Here Jesus Christus ons deel van hierdie genadeverbond van God maak.

Nou, as ons dan regte kinders van God die Vader is wat nou, in hierdie wêreld, sy wêreld, regverdig en reg vir sy diens is en deel van sy raadsplan is, wat is die waarheid? Die leuen van deugniete oor wie hulle verklaar wat ons is en wat ons lewe beteken, of die waarheid van wie ons vir God ons Vader is?

10. Daarom moet ons weer en weer hoor wat die Here aan ons betuig in Joh. 1 vers 17: "God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom." Die waarheid van wie en wat ons vir God is, hoe waardevol ons vir God is, word nie bepaal deur God se wet nie. Dit word bepaal deur die Here Jesus Christus.

Volgens die wet kan ons maklik onself sien as waardeloos omdat die wet ons wys op alles wat ons verkeerd is en verkeerd doen. Dit is ook die mag van deugniete oor ons. Hulle is altyd die eerstes om hulle leuen oor wie en wat ons sou wees te bekragtig met die wet van God!

Omdat ons een of ander sonde sou doen of verkeerde neiging sou hê, is hulle valse verklarings van ons waardeloosheid, hulle leuens oor ons, nou die waarheid. Ons moet hulle leuens oor wie en wat ons sou wees, glo, omdat hulle ons kan wys op ons sondes volgens die wet.

God maak ons waardevol om Hom te dien, daarom bly trots in ons diens

Dawid soek sy toevlug tot God wat hom regverdig maak! Hy soek nie sy toevlug tot God omdat “sy saak” reg is of omdat in hierdie nood hy volgens die wet van God reg sou opgetree het nie. Dit is hoekom hierdie eerste geloofsbelydenis waarmee hierdie gebed begin so kragtig is: “O God wat aan my reg verskaf”, of “O God van my geregtigheid”.

Dit is ’n totaal ander manier om God aan te roep as om god aan te roep: “O God handhaaf my reg want ek tree reg op. Handhaaf die reg wat ek verdien volgens my lewenswyse!”

Dit is nie ’n aanroep tot God omdat ek reg is en reg opgetree het volgens sy wet nie. Dit is nie ’n aanroep van God omdat ek reg leef en nie sonde doen nie. Dit is juis die teendeel. Dit is die aanroep van God – wat my deur Christus volgens sy verbond reg maak en regverdig maak!

11. My sondes en oortredinge van die wet kan nie my waarde by hierdie God van sy verbond minder maak of wegneem nie. Die verbond wat die Here Jesus waarmaak is juis die verbond wat sondaars waardevol maak, en waardevol hou, ten spyte van hulle sonde. Daarom klink die verbond wat die waarheid van my lewe is juis só:

Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. Ek sal julle ’n nuwe hart en nuwe gees gee, ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle ’n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my gebooe gehoorsaam en nakom. (Eseg. 36: 26 en 27).

In hierdie wêreld, God se wêreld, waardevol en kosbaar in God se diens, ten spyte van ons sonde! Dit is die waarheid van wie God ons laat wees. Wie deugniete ons met hulle magte en waanbeelde probeer maak, is net ’n verdigsel.

Daarom word ons deur hulle valsheid deur die dag ontstel, maar kan ons in die nag rustig gaan slaap.

Ons weet wie ons waardevol laat wees. Nie magte en invloedryke deugniete nie, maar die Here wat aan ons reg verskaf deur sy verbondsgenade. Ons kan ontstel wees deur die dag oor hoe deugniete ons waardeloos maak en as nikswerd hanteer, maar ons sal nooit glo dat ons is wie hulle glo ons is nie.

Dit is nie waar dat God ons net geestelik reg maak en in hierdie wêreld oorgee om te wees wat deugniete van ons dink en soos hulle ons behandel nie.

- Hierdie is God se wêreld. Dit is die waarheid. Dit is ’n leuen dat hierdie wêreld deugniete se wêreld is.

God maak ons waardevol om Hom te dien, daarom bly trots in ons diens

- God het ons regverdig vir sy wêreld gemaak. Dit is God se waarheid vir ons. Dit is 'n leuen dat ons sondes en neigings ons ongeskik vir hierdie wêreld maak.
- God maak ons waardevol in sy diens. Dit is 'n leuen dat ons waardeloos is omdat ons nie deel is van die valsheid van deugniete nie.
- God sal ons lewe bestuur om sy raadsplan met ons uit te voer. Dit is die waarheid. Dit is 'n leuen dat deugniete ons in hulle planne kan opeis en verniel soos hulle wil.

So wat gaan hou, hierdie skending van ons eer in ons diens aan God of ons eer om God altyd te kan dien?

Dit is hoekom Salomo hierdie waarheid se karakter in Spreuke 12 vers 19 soos volg beskryf: “die waarheid hou vir altyd, die leuen net vir 'n oomblik.”

Daarom is die mag van deugniete om my eer te skend deur my diens waardeloos te laat lyk, net vir 'n oomblik. Dit is van korte duur. Die werklikheid dat God my diensbaar maak, en hou, en dat dit my eer is om God te dien, hou vir altyd. God maak my altyd reg vir sy diens. Hy is altyd die God en Here wat my regverdig maak en laat wees.

Daarom kan ons die Here aanroep in die noutes waar hulle ons waardeloos maak asof hierdie wêreld hulle wêreld is, en God sal ons verhoor: Hy sal ons binne die waarheid van wie en wat Hy ons laat wees vir Hom behoue laat bly!

12. My professore het my geleer dat 'n mens nie die Woord van die Here met voorbeelde moet inperk nie. Die Here maak self die toepassing van sy Woord. Daarom moet u nou nie dink dat die paar voorbeelde wat ek nou vir u gaan gee, die doel van Psalm 4 is nie. Die Here spreek self tot ons elkeen deur hierdie Psalm.

Ons kan net voorbeelde gee wat deesdae elke dag deel van ons lewe is op so manier dat ons ontsteld word deur deugniete: mense wat nikswerd is maar die mag het om te maak asof ons waardeloos is.

Wie is dit wat ons as landbougemeenskap en ondernemers voorhou as nikswerd: diewe van grond en besighede, aanvallers en aanrander van arbeiders, mense wie se eer hulle geld en hulle eiendom is, wat armes onderdruk en uitbuit?

Wie skend ons eer as mense wat waardevol in hulle diens aan God is op hierdie wyse?

Deugniete! Hulle wat self nietigheid liefhet volgens vers 3. Lief daarvoor om geen diens te lewer en vir niks aanspreeklik te wees nie. Wat nie hulle waarde vind in diensbaarheid nie maar in die mag!

God maak ons waardevol om Hom te dien, daarom bly trots in ons diens

Dit is die president en parlement! Mense van wie dit bewese is dat hulle nietigheid liefhet. Die word openlik deur die wêreldmedia so uitgewys. Hulle skend ons eer en skep die leuen dat dit die landbougemeenskap is wat waardeloos is.

Ons leef elke dag al vir meer as twintig jaar in hierdie onsteltenis! Deugniete maak ons in ons diensbaarheid vir die Here waardeloos!

Daarom moet ons dit ontdek wat Dawid ook in hierdie Psalm ontdek – Ons leef in die wonder dat God ons in sy diens behoue laat bly. Dit is die waarheid van wie ons is. Hierdie leuen wat hierdie belangrike mens glo, is en sal nooit die waarheid van ons lewe wees nie.

Daarom kan ons elke dag onstel word oor hoe hulle ons weer 'n keer openbaar waardeloos maak en ons eer skend, maar elke nag sorgloos gaan slaap omdat ons nog 'n dag in diens van God geleef het en Hy getrou bly om ons vir sy diens waardevol te maak, te regverdig!

Daarom kan ons nie deel word van hierdie magtelose ongeloof soos Dawid se vriende nie: Wie sal dit weer met ons goed laat gaan nie?” Ons soek nie ons waarde en eer in mense wat dit erken en ons diensooreenkomstig beloon nie.

Ons bid tot God in elke noute waarin ons eer en diens geskend word, want dit is sy diens en dit is sy eer as God dat ons reg is in sy diens!

13. Dit geld vir elke oomblik waarin ons deur 'n deugniet waardeloos gemaak word omdat hy homself as magtig sien in die staatsdiens of selfs net die besigheidsdien wat hy aan my moet lewer!

Hulle moet diensbaar wees, maar hulle gebruik hulle posisie asof hulle magtige mense is wat jou daarop kan wys dat jy waardeloos is en in plaas daarvan dat hulle diens lewer 'n punt daarvan maak om jou te verneder as niks en nikswerd nie.

Deugniete!

Hulle ontstel ons elke dag, maar ons slaap onbesorg na ons dag se toewyding en diens aan God. Hulle leuen is net vir 'n oomblik maar die waarheid van ons diensbaarheid is vir altyd, tot in die duisendste geslag.

Dit geld ook vir ons wanneer die man of vrou waarmee ek getroud word 'n deugniet word, of die kinders in my huis of die ouers in my huis. Wanneer hulle nietigheid liefhet en my verneder binne hulle mag asof ek niks meer is as wat hulle van my dink en waarvoor hulle my misbruik nie.

God maak ons waardevol om Hom te dien, daarom bly trots in ons diens

Ontsteld! Ontsteld omdat ek weet dat ek vir God en sy diens waardevol is en hulle dit met hulle goddeloosheid misken. Onbesorg in my nagrus, omdat ek uitrus om weer die offer te bring vir die Here wie ek vertrou om my vir Hom waardevol te hou.

Ek sal Hom aanroep en Hy sal die waarheid van my diensbaarheid vir altyd behoue laat wees, hulle leuen is net kort flitsende oomblikke in my lewe. “Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want, Here, U alleen laat my veilig woon.”